Geliefde Lourensrivierder

Ons storie en feesviering hou nie op Paasdag op nie. Die probleem met feesdae is juis dat ons die volgende dag aanbeweeg na die normale wêreld en dan onsself in 'n vae "Nou wat nou?" bevind. Vandag fokus ons op hoe ons aan beweeg in ons geloofsoortuiging dat Jesus die vloek van sonde oorwin het en ons nuwe lewe in Hom bring. Onthou jy vir Petrus? Ons lees hoe hy Jesus verraai het deur hom drie keer te ontken. Na die opstanding sien ons hom en Jesus weer.
Lees Johannes 21:15-19.
Jesus bevraagteken Petrus se liefde. Ek dink nie die ondervraging was vir Jesus nie, maar vir Petrus.
Ek dink Jesus het Petrus 'n kans gegee, inteendeel - drie kanse, om sy liefde vir Christus te bevestig. Drie keer het Jesus terugvoer gegee oor hoe Petrus sy liefde vir Hom kon wys: "Laat my lammers wei." "Pas my skape op." en "Laat my skape wei." Die manier wat ons ons liefde aan Jesus bewys en Hom vertel hoe lief ons Hom het, is nie met woorde nie. Enige iemand kan 'n kruis hangertjie dra, die Christen opsie op 'n Facebook profiel merk, of kerk toe gaan op Sondae. Jesus sê egter om Hom lief te hê moet ons Sy skape (mense) versorg. Hy het nie vir Petrus gevra om mense net lief te hê nie; Hy gee hom 'n ekstra instruksie: Lees weer Johannes 21:19.
Hy sê dat Petrus Hom moet volg. Wat 'n mooie beeld van Jesus as ons Verlosser. Dit maak nie saak dat Petrus sy oë van Hom afgehaal het toe Hy op die water geloop het nie. Dit maak nie saak dat Petrus vir Christus nie net een maal, maar drie maal, ontken het nie. Jesus nooi Petrus uit om Hom weer te volg.
"*'n Dief kom net steel, slag en uitroei; Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, in oorvloed. Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape*." - Jesus (Johannes 10:10-11)

Jesus weet alles van jou af - al die maniere wat die dief (satan) in jou lewe gesteel, geslag en uitgeroei het - en Jesus is steeds lief vir jou en begeer 'n lewe van oorvloed vir jou.
Om hierdie Heilige Tydperk tot 'n punt te bring, kyk na hierdie video van Isaak Wimberly wat sy gedig "Beauty" lees: https://www.youtube.com/watch?v=Jx5noFGH0bQ
Jy is onbeskryflik mooi te danke aan Sy liefde, Sy lewe, dood en opstanding!
Gaan en leef in oorvloed terwyl jy Jesus volg en Sy skape lief het!
Bron: Youversion Bible App (kan gratis aflaai)
Bybelstudie Plan se naam: Die Laaste Lesse deur Becky Kiser

NUUSKRUMMELS: 2 Mei 2019

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR:

KENNISGEWING: Ds Petrie sal vanaf 13-17 Mei by die Sinodesitting in Goudini wees.

DINAMIET KIEDZ: Jaarprogam aangeheg onderaan Nuuskrummels

LIFE LINE YOUTH

Sondag, 5 Mei,
LIVE BAND♫♫

NUUS UIT ANDER KERK-OORDE

MATRIEKFEES!
Inskrywingsvorms beskikbaar by:
Maryke Fourie: Jeug en Familiebediening (Communitas)
NG Kerk in SA Sinode van Wes-Kaapland
021 808 9050 of jeug@sun.ac.za

re#imagine Matriekfees!
NOORDHOEK
27 Nov - 4 Des 2019

Matrieks!

Het jy planne vir die einde van die jaar? Hoe klink 'n wegbreekweek met jou tone in die sand? Matrieks van regoor die land kom bymekaar vir 'n week van son en see, kuier, ontspan, vriende maak en sommer net "chill" naby die natuur en naby God.

Kostes is R1800 (Skryf in voor 30 Junie vir slegs R1500, voor 30 September vir R1600 en voor 31 Oktober vir R1700).

Kontak jeug@sun.ac.za om in te skryf.

Navrae: kontak Faani by reimaginematriekfees@gmail.com

Tel: 021-591 6355

Sel/Whatsapp: 083 856 1951

Van Lourensrivier Gemeente se lidmate was ook op Vryheidsdag deel van die Jesus Mars in die Strand♫

NUUS UIT GEMEENSKAP

Daar is Sondag middag van 15:00 tot 17:00 'n interkerklike biddag in Groenpunt Stadion vir die verkiesing op 8 Mei.

VERSOEK VAN JOYA HOMES:

Lysie vir die Winter indien iemand kan ondersteun of bydra:
- Winter klere vir Seuns 6-7 Jaar
- Winter klere vir Dogters 1-2 jaar
- Winter klere vir Dogters 3-4 jaar
- Winter skoene en kouse vir bg
- 6 warm komberse
- hulp met ekstra elektrisiteit onkoste (verwarmer sal meer kos)
- Multivitamine vir kinders
- Hoesstroop
- Parasitamol vir kinders
- Puma/vicks
- Sambrele (2/3)
- los klippe vir modder in driveway
- Kamermatte vir seuns en dogters kamers

“Purpose of Joya Homes and Educare: Exists to provide love, hope and purpose to abandoned, abused and vulnerable children.”

Baie dankie
Kontak: Drikie Atherstone @ 0849394444
www.joyahomes.co.za

KNIEWERK

- Paul Louw (kankerbehandeling)
- Nico Pieters vir spoedige herstel na hartomleiding
- Ons loof die Here vir die Transkei Uitreikgroep wat veilig tuis is♫
- Verkiesingsdag (indien jy na gebedsonderwerpe vir dit soek, laai die gratis APP van Jerigo Mure af op jou foon vir daaglikse gebede tot die verkiesing asook vir ons land en verder)

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK SONDAG, 5 MEI SE BOODSKAP: HAND 9:1-20 (DERDE WEEK IN PAASTYD) – BOODSKAP WORD GEBRING DEUR DS GERHARD ENSLIN SR.

Lukas se tipering van Paulus in Handeling voor sy bekering is dié van 'n vervolger van die kerk by uitnemendheid. Nie alleen beskryf hy Paulus se passie om die kerk te vervolg nie, maar ook die styl waarmee hy dit gedoen het. Paulus het dit naamlik reggekry om die kerk binne die wet te vervolg. So is hy telkens teenwoordig wanneer Christene gedood is, maar altyd agter die skerms (vgl. sy rol by Stefanus se dood). Tog was daar bloed aan sy hande.

- Handelinge 8:1-3 *Ook Saulus het hierdie moord goedgekeur. Daardie dag het daar "n hewige vervolging van die gemeente in Jerusalem begin. Al die gelowiges behalwe die apostels is uitmekaar gejaag en verstrooi oor die gebiede van Judea en Samaria. 2 Godvresende mense het vir Stefanus begrawe en daar is baie oor hom gerou. 3 Saulus het die kerk probeer uitroei. Hy het van huis tot huis gegaan, mans en vrouens laat uitsleep en hulle in die tronk laat sit.*
- Handelinge 26:9-11 9 "*Ek het self gedink dat ek alles in my vermoë moes doen teen die Naam van Jesus van Nasaret. 10 Dit het ek toe ook in Jerusalem gedoen. Met die magtiging van die priesterhoofde het ek baie van die gelowiges in tronke gestop, en as hulle die doodstraf opgelê word, het ek daarmee saamgestem. 11 Dikwels het ek hulle in al die sinagoges laat straf om hulle te dwing om hulle geloof af te sweer. Ek het hulle so gehaat dat ek hulle selfs in die buitelandse stede vervolg het.*

Wat behels Paulus se bekering

- 'n Nuwe insig oor wie hy was (anders as wat hy geglo het was hy 'n vyand van God) en wie Jesus was (waarlik die Seun van God)
- 'n Radikale omkeer (van teen die kerk wees na vir die kerk te werk). Paulus doen die klassieke 180° draai.
- 'n Transformasie (van vervolger na verkondiger – en daarmee saam na vervolgde – kyk na die verwysing na sy lyding).

Paulus kom nie net tot bekering nie, hy ontvang 'n roeping van God. In al drie van Lukas se weergawes maak hy dit duidelik dat Paulus 'n duidelike taak van God ontvang het (9:15-16, 22:14-16 en 26:16-18). **Bekering is dus meer as net redding**.Dis ook die roeping tot diens en gehoorsaamheid aan God. **Alhoewel Paulus dramaties tot bekering kom, was sy geestelike groei oor 'n lang tydperk.** Ons lees dat hy eers vir 3 jaar na die woestyn in Transjordanië gegaan het. Toe vir twee weke na Jerusalem, voordat hy 10 jaar in Tarsus gespandeer het, voor sy eerste "beroep" na die gemeente in Antiogië.
Wat geestelike groei betref, moet ons dus geduldig vir God 'n kans gee om ons te vorm vir sy diens.

Wat kan ons as gelowiges uit die gebeure leer?

1. **Jesus is die Here van Sy kerk.**
   Die gebeure in Hand 9 (Jesus se vraag aan Paulus in sy moedertaal, Aramees) maak dit in die eerste instansie duidelik dat wie die kerk (nie die gebou nie, maar die mense) vervolg, in wese vir Christus self vervolg. Die feit dat Jesus die Here van Sy kerk is, gaan verder as 'n blote identifisering met die lot daarvan. Dit beteken ook dat Hy daadwerklik in die lewe daarvan ingryp. Só is dit dan ook in die geval van Paulus. Teen twaalfuur die middag, wanneer die son op sy helderste is, word Paulus deur 'n nóg helderder lig omstraal. Word Paulus die vervolger gekonfronteer met die opgestane en verheerlikte Christus.
2. **God kan die hardste hart verander.**
   Die tweede wat die bekering van Paulus ons leer, is dat God (nie ons nie) in staat is om die hardste hart te verander. Die vraag is egter of ons werklik daarna smag dat God ons vyande se harte verander. Miskien nog dié van ons kinders, maar van ons vyande? God se manier is egter anders. Hy verander Sy vervolger in Sy verkondiger. Paulus die gesant van moord en dood, na dié van genade en liefde. Ironies word Paulus die vervolger so ook 'n vervolgde namens Jesus.
3. **Die rol van medegelowiges.**
   Die werk van God (bekering) geskied nie sonder die gebruikmaking van ander gelowiges deur God nie. In die lewe van Paulus tree veral drie medegelowiges na vore wat sy geestelike groei bevorder het.

Let your Christianity be so unmistakable, your eye so single, your heart so whole, your walk so straightforward, that all who see you, may have no doubt Whose you are, and Whom you serve.
~J. C. Ryle~

Bron: Communitas: www.seisoenvanluister.co.za

Kom ons sing saam met Retief Burger "Here, hier is my alles!"
https://www.youtube.com/watch?v=pwbgYFsBRPA (Kliek op skakel)

Jackie@Lourensrivier
OORGEE, OMGEE, AANGEE

LOURENSIVIER GEMEENTE

KINDERKERK & BELOFTELAND

JAARPROGRAM - 2019

DINAMIET KIEDZ

Liewe Ouers

Hierby ingesluit ons program vir die res van die jaar. Hierdie is slegs die Sondae wat daar Kinderkerk aangebied word.

Die geel gemerkte Sondae / datums is wanneer daar spesiale dienste aangebied word. Vakansies en langnaweke is uitgelaat, want dan is daar nie Kinderkerk / Belofteland nie.

2de Kwartaal	07-Apr	14-Apr	28-Apr	05-May	12-May	19-May	26-May	Pinkster - 02 tot 06 Junie	09-Jun	14/06/2019 Skole sluit
3de Kwartaal	14-Jul	21-Jul	28-Jul	04-Aug	18-Aug	25-Aug	01-Sep	08-Sep	15-Sep	20/09/2019 Skole sluit
4de Kwartaal	06-Oct	13-Oct	20-Oct	27-Oct	03-Nov	10-Nov	17-Nov	24-Nov	2019-12-01 - Piekniek	05/12/2019 -Skole sluit

Teugleiers:		Kontaknommer:	Helpers:	Kontaknommer:
Graad 1	Ludolph	083 284 6164		
Graad 2	Celeste / Lemari	060 518 0067 / 082 692 9086		
Graad 3	Jeanne-Mari	078 557 1063	Albert	084 795 8503
Graad 4	Yolande	082 096 6054		
Graad 5	Mackenzie	073 925 9940	Vincent	079 515 6424
Graad 6	Jackie	084 505 2908	Mathys / Anine	084 406 7388 / 079 512 9971
Graad 7	Liesbet	073 630 0268		
Aflos	Anelmie / Karin	076 528 5568 / 083 643 0653		

BELOFTELAND AANBIEDERS		Kontaknommer:	AANBIEDERS:	Kontaknommer:
3-6 JAAR	SANETTE	073 791 3806	SUZAAN	082 850 9642
	DIRELLE	084 569 0402	LEANDA	082 735 9137

BELOFTELAND HELPERS:		Kontaknommer:	BELOFTELAND HELPERS:	Kontaknommer:
3-6 JAAR	JEANNE	076 153 9805	LIEZEL	082 821 3610
	LOUISE	083 500 5077	ELMARE	082 744 9502

ADMIN/KOORDINEERDER:		
KARIN KUYS	Kontaknommer:	0836430653